higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1150**(A)**(N28)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Tweede Vraestel)

(9090176)

28 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.

2. Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Ontluikende persoonlikheid

1.1.2 Immobilisasie

1.1.3 Empatie

1.1.4 Intellek

1.1.5 Kondisionering

(5 × 2) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Persoonlikheidsontwikkeling het te doen met die mens en sy/haar verhouding met ander mense.

1.2.2 Persoonlikheidseienskappe soos houding, karakter en morele waardes is verworwe.

1.2.3 Om 'n mens werklik te leer ken moet jy net let op sy innerlike samestelling.

1.2.4 Die mens is nie uiteraard 'n godsdienstige wese nie.

1.2.5 Godsdiens speel nie 'n rol in die ontwikkeling van die menslike persoonlikheid nie.

1.2.6 'n Verpleegster moet te alle tye sy/haar emosies beheer.

1.2.7 Hoe minder 'n kind sy/haar ouers sien, hoe makliker is dit om hulle te verpleeg.

1.2.8 Adolessente is oor die algemeen nie sensitief vir 'n gebrek aan privaatheid nie.

1.2.9 By die behandeling van die simptome van pyn hoef daar slegs na die fisiologiese oorsaak daarvan gekyk te word.

1.2.10 Die besoekers by die sieke is grootliks verantwoordelik vir die konflik tussen hom/haar en sy/haar omgewing.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Noem die DRIE fases tydens 'n ondersoek deur 'n dokter (3)

1.4 Is die volgende stelling Waar of Onwaar:

'Amper 'n derde van mense wat selfmoord pleeg is fisies siek.' (2)

1.5 Noem VYF kenmerke van ‘n volwasse persoonlikheid. (5)
[40]

TOTAL SECTION A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

Bespreek die invloed van oorerwing en omgewing op die ontwikkeling van die persoonlikheid van die mens. **[20]**

VRAAG 3

Bespreek kortliks elk van die volgende:

3.1 Die ouers en die hospitaal

3.2 Die adolessent en siekte

(2 × 10) **[20]**

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe kulturele faktore 'n rol speel by die ervaring van pyn.

4.2 Bespreek kortliks die ontkenning van siekte en die dood

(2 × 10) **[20]**

VRAAG 5

Bespreek kortliks die volgende:

5.1 Hoekom pleeg mense selfmoord? (10)

5.2 Terapeutiese berading (5)

5.3 Gedragsversterking (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou